

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
Missie: Geloof, Koinonia en Getuienis

Jaargang 21

2de Kwartaal 2020

VREDEVOL IN OF VOL VREES OOR DIT!

Elkeen van ons dink oor die Covid-19, praat daaroor en is bekommerd daaroor. Hoe kan ek as kind van God daaroor voel... moet ek daaroor voel? Ons lees in Joh. 14: 27, "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."



Jesus belowe om vrede te gee, nie soos die wêreld nie... NEE. Maar, saam met Sy belofte is daar ook 'n bevel: MOENIE! Dit bepaal dat daar 'n vereiste is om die vrede waarvan Jesus hier praat te kan ervaar.

Maar nou mag jy dalk vra: HOE is dit selfs moontlik in die tye waarin ons nou leef? Paulus leer ons HOE om ons nie te bekommer nie... in Fil. 4:6-9, maar veral vers 8. Ek sien hier dat Paulus my wil waarsku dat my gedagtes saak maak... is dit nie waar dat hoe meer tyd ek aan "WAT AS?" spandeer, hoe angstiger raak ek nie? Laat ek toe dat ander mense my meesleur met hulle gedagtes/vrese...?

In 2 Kor. 10:5 vertel Paulus ons om ons denke te ondersoek... Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak... dit is deel van die geestelike oorlog waarin ons moet veg... weer eens, VEG, is 'n werkwoord, dit is 'n keuse wat ons gedurigdeur moet uitoefen... Ons moet ook nie Spreuke 4:23 vergeet nie, "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." Ons gedagtes speel 'n baie belanglike rol... dis die GROOTSTE geveg waarin ons DAAGLIKS te staan kom!

Jesus leer ons WAAROM ons ons nie moet bekommer nie... Matt. 6:25-34 is baie bekend, hierin sê Jesus vir ons "...moet jou nie oor die lewe kwel nie..."

Weer en weer hoor ons...VEEL MEER...VEEL MEER... ook “kan jy een uur by jou lewe voeg?”

Ek lees terselfdertyd in Klaagliedere 3:22-23, “deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot.” Ons het so pas in Mat. 6:34 gelees dat elke dag sy eie probleme het... maar hier in Klaagliedere word ons vertel dat elke dag sy eie genade ook het! GENOEG OM DIE DAG AAN TE DURF.

Die manna in die wildernis was daaglik aan die Israeliete gegee. ELKE dag. Hul kon nie opgegaar het nie. Dit is die manier waarop ons op God se genade moet vertrou. Ons ontvang NIE vandag die krag om môre se laste te dra nie. Ons ontvang vandag genade vir vandag se moeilikhede!

Ek sê glad nie hiermee dat ons nie voorsorg moet tref nie... doen alles wat jy kan, MAAR moenie toelaat dat jou vrede gesteel word nie. Tanzanië het nie ‘n “lockdown” nie, alhoewel ons by algemene veiligheidsmaatreëls hou... ons bid vir die regering vir wysheid in dié moeilike tyd...

Johan en Trudie Robbertze

(Johan en Trudie Robbertze is sendelinge in Tanzania en die Diensgroep Getuienis probeer om hulle jaarliks namens die gemeente met 'n paar rand te ondersteun. Die Robbertzes het ons gemeente ook al 'n paar keer besoek.)

Image - <https://ctb.ku.edu/en/table-of-contents/spirituality-and-community-building/promoting-peace/main>

GEDAGTES TYDENS DIE GRENDELTYD

Mense ervaar hierdie ongewone tyd op ‘n verskeidenheid van maniere. Vir sommige is dit ‘n tyd van stilwees, rustig verkeer en vertroue hê (Psalm 46 :10). Vir ander is dit egter weer ‘n tyd vol vrees en swaarkry op baie terreine – materieel en geestelik. Sommige mense begin grendeldepressie ontwikkel – ‘n geliefde sterf en daar kan nie behoorlik begrafnis wees nie. Iemand anders se geliefde beland in hierdie tyd in die hospitaal om een of ander rede. Hy/sy lê stoksielalleen daar in die vreemde, kliniese, steriele saal. Geen besoekers word toegelaat nie. Dis baie swaar en eis sy tol op die hele familie. Die swart hond van depressie en swartgalligheid

begin in sulke tye maklik en gevaarlik grom. Mens wens en bid vir daardie dag wanneer jy ‘n groot dik swart streep deur jou vreesaanjaende ervaring kan trek. Ek bid vir sulke mense. My hart gaan uit na hulle.

Ek mis die gewone manier van gemeente wees vreeslik baie. Die eredienste en die kuier om die koffiekant elke Sondag en ook al die bedrywighede gedurende die week. Origen put ek persoonlik egter nogal genot uit hierdie inperking. Dis net Ina en ek. Dis stil. Soms so stil mens kan jou eie oorverdowende asemhaling hoor. Dit voel vir my kompleet of ek iewers op ‘n ander plek is. Ek het

iets verloor maar ek het iets bygekry. Iets van my ou vryheid is verlore maar ek het 'n nuwe soort vryheid ontdek.

Ek kom verder onder die indruk van ons mense se weerloosheid. En die broosheid en eindigheid van al ons samelewingstrukture waarop ons ten alle tye reken en wat ons naartiglik probeer in stand hou. Die kortstondigheid en nietigheid van al my menslike planne en drome wat nou soos kaartehuse ineenstort laat my weer beseef dat niks hier blywend is nie – alles is inderdaad dalk 'n gejaag na wind. Jakobus 4:13-17 kry opnuut vir my betekenis.

Ek dink ook sommer aan die vroeë kerk. Daardie was 'n tyd van eenvoud, dissipline en wysheid. Dit was 'n tyd van opregte omgee en onbaatsugtige hulp aan almal in nood. Mense was belangrik en mense is steeds belangrik en daarom is dit 'n ware riem onder die hart om in hierdie moeilike tyd van uiterste nood mense se oop hande en harte te sien en te beleef.

Dis vir my ook 'n tyd waartydens ek God se stem nuut en vars kan hoor.

Ons sit graag op die stoep in die tuin. Die tortels se gekoer is opmerklik. Baie praat van die tortels in die agtergrond wat hulle harte geroer het met die twee boodskappies wat ek weekliks vir u stuur.

Dit voel vir my ek het nog so baie om te leer. Sovele dinge gebeur met die wêreld, met ander en met my in 'n tyd soos nou. So baie dinge verander. So baie dinge bly dieselfde. Dis van nou af 'n 'nuwe normaal', sê die slim mense. Ek het nie altyd woorde hiervoor nie.

Ek geniet egter die stilte terdeë. Keer op keer lees ek in die Evangelies van Jesus wat 'eensame' plekke alleen opgesoek het. 'n Paar keer het HY byvoorbeeld 'n hele nag lank teen 'n berg êrens deurgebring om te bid. HY was 40 dae alleen in die woestyn (Matt 4). En die laaste nag voor sy dood was Hy ook alleen in 'n tuin.

Dan was daar ook Johannes die Doper se lewe van afsondering in die woestyn met kameelhaarklere en springkane en wilde heuning vir voedsel. Net so, net dit ...

Eenvoudig.

Vry.

Uitdagend.

Alles kan egter ook weer in 'n oomblik verander. En alles hier by ons het verander. Dis nou nie meer net Ina en ek nie. Ons bejaarde ouers het hier by ons kom bly. En van tyd tot tyd kuier een van ons kleinkindertjies soggens ook by ons terwyl pappa en mamma by die skool is.

Toe skielik, uit die bloute tref 'n ramp – 'n traumatiese brand in ons

buitegeboue. Iemand beskryf dit as 'n inferno. Al die angs en die paniek is onbeskryflik. Ons vryheid en veiligheid word opnuut bedreig. Ons rustige wêreld kantel gevaarlik. Soveel seën vloei egter ook uit hierdie trauma. Weereens die mense, Christene se welwillendheid, simpatie, hulp, meelewing, en gebede bring 'n knop in die keel en vul mens met verwonderende dankbaarheid en lofprysing.

Wat 'n ongewone, vreemde en deurmekaar tyd. Maar die een troos staan soos 'n paal bo water – die Here is my Herder en HY gaan voor my uit! *'We carry our sanctionary with us. We never leave it.'* Aiden Wilson Tozer.

Mag die genade van ons Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees met u elkeen wees.

Barry van Wyk

PINKSTER 2020 - NG GEMEENTE PARYS-SUID

Volgens die kerkkalender sou die Pinksterdienste vanjaar deur ds Hennie Hatting by Parys-Suid gehou word. Die onvoorsiene uitbreek van Covid-19 het die beplanning egter omver gewerp en Pinkster 2020 sal onthou word as die eerste *"Pinkster oor die Internet"*. Tegnologie het egter tot ons redding gekom en die dienste is opgeneem en ons kon dit elke aand, solank daar krag was, eers op YouTube volg en daarna op ons selfone luister.

Die Pinksteremas het uit Rom 12 : 1 en 2 gekom: ".....Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

Tema 1: God verander ons tot sy eer. Laat God toe om jou te verander sodat jy volgens Sy wil kan leef

Tema 2: Gee jouself aan God as 'n dankoffer – dit is die wesenlike van die godsdiens. Ons toewyding aan God moet voluit en voortdurend wees, 'n lewenslange proses om jou lewe elke dag opnuut aan God oor te gee, om deur Sy Gees beheer te word en ook só in die wêreld daar buite te leef.

Tema 3: Gee jouself aan God as nie-wêreldgelykvormig. Dit is duidelik dat God se wil en dit wat die wêreld van ons vra nie versoenbaar is nie. Paulus waarsku ons teen wêreldse invloede. Ons moet fokus op die dinge wat Jesus in ons lewens inbou, dan sal die wêreld nie 'n vatkans op ons kry nie. As ons die eerste tree gee om nie-wêreldgelykvormig te leef, sál God ons deur sy Gees help.

Tema 4: Gee jouself aan God om jou denke te vernuwe.

Verandering in ons lewens kan net gebeur as ons denke vernuwe word. Hoe? Stel ondersoek in waarmee jou gedagtes elke dag besig is. Bevry jou gedagtes met die waarheid wat jy in God se Woord vind. Bevry jou gedagtes van vernietigende denke. Negatiewe gedagtes kan nie lei tot 'n positiewe uitkoms nie.

Tema 5: Gee julleself aan God as julle onderskei wat goed en aanneemlik en volmaak vir Hom is. Hoe kan ons onderskei tussen goed en kwaad? Die Bybel eggo God se stem en leer ons om te onderskei. Bid ook vir die gawe van onderskeiding. Ons moet hoor wat God sê en dan gewillig wees om te doen en die beheer van ons lewens aan Hom oor te gee.

Elize Bekker

ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Hartlik geluk met u verjaardae! “Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is en Hy ondersteun hom.” Ps 37:23

APRIL:

02 – Nico Oelofse (84): Gaan goed. Baie om voor dankbaar te wees. Is op die oomblik in Stilbaai by sy kinders.

06 – Annatjie Claassen (88): Gaan baie goed. Is ingeperk, maar ons moet maar uithou en aanhou om die virus te keer.

13 – Nellie Schlebush (88): Tannie Nellie is steeds 24 uur per dag op suurstof, want haar bors is nie lekker nie, maar sy gaan nog aan!

14 – Marie-Louise de Vries (85): Baie dankbaar vir baie goeie gesondheid. Gaan nog op haar eie aan en bly nog in haar meenthuis. Het nou al 1 217 briewe aan haar dogter wat in Maine, VSA woon geskryf! Aan die begin was die inperking vir haar baie swaar as gevolg van die alleenheid, maar sy het 'n gedig daarvoor geskryf (sien elders) en besef sy is nooit alleen nie.

18 – Heila Botha (87): Sy was by haar suster in Bothaville toe die inperking begin het, kon terugkom en was toe vir twee weke in afsondering! Dit is darem nou verby en dit gaan goed.

20 - Etresia Henn (82): Het einde Desember geval en haar heup gebreek. Dit gaan beter maar sy loop steeds moeilik. Is op die oomblik by haar dogter.

22 – Eleanor Coetzee (83): Dit gaan goed ten spyte van oumenskwale wat maar bykom en nie vra of hulle welkom is nie. Die inperking is nou baaaie lank en sy kan nie wag dat die hekke weer oopgaan nie!

24 – Dinkels Schultz (85): Baie dankbaar dat dit goed gaan al is die inperking vir almal maar moeilik.

MEI:

01 – May Uys (85): Geniet goeie gesondheid en het geen klagtes nie. Werk nog self en werk en stap ook in die tuin. Sy was sedert die inperking begin het nog nooit uit nie. Sy het gelukkig 'n kleindogter wat inkope vir haar doen.

08 – Frikkie Botha (86): Dit sukkel op die oomblik. Hy het altwee sy skouers gebreek en nou gee een elmboog ook in. Dit is dus moeilik om dinge gedoen te kry. Oom Frikkie kry binnekort 'n nuwe rolstoel wat ligter is en makliker sal

hanteer.

10 – Hazel Wentworth (82): Dit gaan baie goed, geen klagtes nie! Die inperking pla haar nie baie nie, sy brei en gaan aan. Al wat sleg is is dat mens nie kan gaan kuier nie!

15 – Alet Fourie (83): Gaan goed, gesondheid goed. Die moeilikste deel van die inperking is dat hulle nie hulle eie inkopies kan gaan doen nie.

16 – Anna van Brakel (82): Dit gaan op die oomblik bietjie moeilik. Sy het twee knieervangings asook 'n heupvervanging gehad en komplikasies met een van die operasies. Sy loop nou baie moeilik en "sit maar meestal soos 'n uil op 'n kluit".

18 – Ena Cockcroft (80): Ena het ernstige beroerte gehad en word in Najaarsrus versorg.

21 – Nanna Wessels (83): Gaan goed, geen klagtes nie. "Solank die son skyn staan ek vrolik op!"

24 – Gert du Preez (84): Gaan goed, geen klagtes nie! Die inperking pla hulle nie baie nie, hulle lewe gaan maar aan soos gewoonlik.

27 – Helena Scholtz (81): Na 'n paar onbeantwoorde oproepe het ons vir Amanda gevra wat van haar ma geword het. Ons moes toe hoor dat sy sedert die begin van Februarie in Nieu Seeland is! Sy was veronderstel om in Mei terug te keer, maar as gevolg van die virus is haar visum tot September 2020 verleng!

28 – René Theron (81): Sy is nog baie gesond en het geen rede tot klagte nie. Die inperking is nie te erg nie behalwe dat 'n mens nie jou kinders kan sien nie.

JUNIE:

02 – Bok Ludwick (84): Alles goed en wel, maar die ouderdom vat aan hom!

16 – Thomas Venter (84): Gaan goed, nog dieselfde as laas jaar hierdie tyd, hy loop maar net 'n bietjie stadiger. Aanvaar die inperking as nodig en pas maar daarby aan.

20 – Gawie Nel (90): Oom Gawie sukkel baie want hy kan nie loop nie en hoor ook nie goed nie. Hy is op die oomblik by sy dogter in Stilfontein maar is nog 'n lidmaat van Parys-Wes waar hy vir baie jare op die Kerkraad gedien het. Hy stuur groete "vir almal en ook vir ds Barry"!

21 – Kobus Myburgh (90): Rug pla maar verder geen klagtes nie. Susan sê: 'Inperking of te nie, hy kry elke dag iets om te doen"! (Nou ja, dan kan die dinge wat met ledigheid gepaard gaan sekerlik nie aan hom 'n vatplek kry nie!)



NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die volgende nuwe intrekkers in die gemeente. Julle het in vreemde tye by die gemeente aangesluit, maar ons vertrou dat julle betrokkenheid by NG Parys-Wes vir julle tot seën sal wees. Gewillige hande is altyd welkom en ons wil julle uitnooi om by een van die diensgroepe betrokke te raak. Kontak gerus die kerkkantoor as julle iewers wil help.

Naam	Adres	Vorige Gemeente	Wyk	Kontaknr
Johan & Rita de Jager	Amot H2	Parys-Suid	Amot	082 9336875 076 6788649
Jannie & Hettie Oosthuizen	Grewar	Lyttelton-Oos	Grewar	073 1814584
Neels & Magriet Venter	Sally Martin 702	Arconpark	Sally Martin	0825740470 0832719294

BRIEF UIT DIE KERKKANTOOR

Liewe Gemeente,

Die skielike uitbreek van die COVID-19 pandemie het die hele wêreld heeltemal onkant gevang. Ons het nog gelees en op die nuus gesien hoe die virus in China begin het en stadig versprei na ander lande en, toe ons ons oë uitvee, was die virus ook hier in Suid Afrika!

Die skielike inperking het tot gevolg gehad dat geen eredienste en fondsinsamelingsprojekte kon plaasvind nie. Uit die aard van die saak het dit 'n negatiewe impak op ons gemeente (en natuurlik alle gemeentes regoor die land/wêreld) se finansiële posisie.

Ten opsigte van ons eie gemeente: Tot nou toe kon die gemeente sy verpligtinge nakom danksy die getroue bydraes van die gemeentelede.

Uitgawes word tot die minimum beperk en net die nodigste uitgawes word aangegaan. Indien die situasie verander sal die gemeente dienooreenkomstig ingelig word.

Onderhoud aan die kerk, saal en gronde wat van tyd tot tyd gedoen moet word, asook onvoorsiene onderhoud, gaan 'n uitdaging wees. Wat die basaar betref, weet ons nie wanneer ons weer funksies sal kan hou nie en ons sal ander vindingryke idees moet bedink om fondse te genereer. Ons het die basaar se inkomste nodig om onderhoud en ander kostes te dek.

Weereens dankie aan almal, en bowenal aan God, wat vir ons almal sorg! Psalm 66 : 2 "Sing tot roem van sy Naam, gee Hom die eer wat Hom toekom!

Bly warm, bly veilig en pas die COVID-19 voorkomingsmaatreëls toe! Seën vir almal.

Dries de Jager

GREDELTYD KOSPAKKIES VIR MPONENG

Mponeng is 'n Primêre Skool met ongeveer 120 kinders, geleë in 'n pragtige omgewing in die Koepel. Die voedingsbron vir die skool is egter 'n arm gemeenskap en daarom voorsien ons gemeente ook maandeliks vir hulle sop en toebroodjies. Jaarliks bied ons vir hulle 'n jaareindfunksie aan en by verskeie geleenthede het ons gehelp toe daar nood was, o.a. met warm baadjies in die winter, 'n drukker vir die kantoor, ens.

Gedurende die inperktyd het Dini Prinsloo, wat tot verlede jaar daar skool gehou het, dit onder die aandag van Woensdagaand se Bybelstudiegroep gebring dat daar ongeveer 15 baie arm huisgesinne is wat nood het. Die kinders was gewoon daaraan om daagliks gedurende skooltyd 'n goeie ete,

verskaf deur die

Onderwysdepartement (vir meeste van hulle die enigste van die dag!), te ontvang. Met behulp van 'n paar ruim bydraes is daar vir elke gesin 'n kospakkie in die kerksaal gepak en twee onderwysers, mnr Mofokeng en mev Roberts het dit kom afhaal en by die regte adresse afgelewer – tot groot dankbaarheid van almal! 'n Druppel in die emmer maar ons weet ons goeie Vader kan dit tot strome van seën maak!

Suna Meyer



MINI-BASAAR : 6 MAART 2020

Op Vrydag, 6 Maart is daar weer mini-basaar in die kerksaal gehou. Daar is lekker saam gekuier en gesmul aan die heerlike poeding, pannekoeke, kerrie-en-rys en koffie terwyl die braaivleisvure buite gehelp het om atmosfeer te skep. Die vleis- en koektafels het ook groot aftrek gekry en die kinders het die springkasteel baie geniet. 'n Mooi bedrag van R74 478 is ingesamel. Baie dankie aan almal wat gehelp het om die tafels met die nodige produkte te laai an elkeen wat die dag ondersteun het deur die produkte te koop. Dankie ook aan elkeen wat 'n kontant bydrae gemaak het.



Don't wait for people to be friendly, show them how - Henry James

KERRIE-EN-RYS : 5 JUNIE 2020

Die Diensgroep Getuienis se fondsinsamelingsgel eenhede in die eerste semester het grootliks in die slag gebly as gevolg van die grendeltyd en daar was veral bekommernis oor



hoe die diensgroep sou kon volhou met die kospakkies vir Schonkenville aangesien die fondse minder geraak het.

Met die afgradering van die inperking na vlak 3 het die geleentheid gekom om weer kerrie-en-rys te maak en wat 'n groot sukses was dit nie. Die ondersteuning van die gemeente en die besighede was wonderlik. Daar is ongeveer 430 bakkies verkoop en die laaste paar bakkies is aan honger mense langs die straat gegee.

Benewens die gewone reëlings

KOSPAKKIES VIR SCHONKENVILLE

Danksy 'n redelike groot donasie en enkele ander wat ons maandeliks ontvang en voorraad wat aangekoop is uit die balans van die 2019-kerskosprojek, was die Diensgroep Getuienis steeds in staat om die kospakkies vir die gesinne in Schonkenville te gee.

Weens die inperking is besluit om nie die gewone byeenkoms, waar daar eers 'n kort boodskap gebring is, te hou nie. In April en Mei het ds Pierre Guillaume van Schonkenville gehelp om die pakkies daar te besorg. In Mei moes ons egter ook hand gee omdat omdat ons, danksy 'n groot donasie van Hyline, aan elke gesin ook 5 dosyn eiers kon gee.

om 60kg vleis en 24kg rys te kook en om kopers te vind, moes daar ook gehoor gegee word aan die Covid-19 - vereistes. Baie van die rys en vleis is by lede se huise gekook, maar vroegoggend het vier gemaskerde

dames by die kerk opgedaag en die res daar gekook. Veilige afstande is deurgaans gehandhaaf. Baie van die kerrie-en-rys is afgelewer by besighede en huise en die mense wat hul bestellings kom haal het is versoek om in hul karre te bly en die bakkies is daar deur nog gemaskerdes afgelewer.

Baie dankie. Elkeen se bydrae en bestelling word hoog op prys gestel.

(Foto: Dries)



In die proses is daar gepoog om te voldoen aan Covid-19-voorskrifte en die pakkies is buite die kerk aan die mense uitgedeel nadat Guillaume 'n gebed gedoen het.

Van die Diensgroep se fondsinsamelingsprojekte het in die slag gebly en daarom is ons baie dankbaar vir die maandelikse donasies wat ons ontvang en ook vir hierdie groot bydrae van Hyline. Die Diensgroep Diens van Barmhartigheid het ook van die eiers aan hul kliënte gegee en die res is aan die Red Ribbon-kosprojek gegee.

ONS BELEWENIS VAN DIE COVID-19 INPERKING

Met die afkondiging deur die President waarin hy die Corona-virus pandemie tot Nasionale Ramp verklaar het, het ons nie die erns daarvan besef nie. Met sy verklaring op 23 Maart 2020 dat 'n totale inperking vanaf 27 Maart 2020 ingestel word, het ons besef dit is 'n ernstige saak.

Ons moes binne drie dae alle voorsorg tref om vir die tydperk van inperking te voorsien.

Die eerste paar dae het ons gedink dat dit nogal lekker is om saam by die huis te wees. Daar was nou geleentheid om dinge in en om die huis te doen waarvoor ons nie altyd tyd gehad het nie. Dit was egter baie vreemd om nie meer werk toe te kon gaan nie, om nie vrylik rond te kon beweeg of om sosiaal met ons vriende en familie te kon verkeer nie.

Gedurende die inperkingstyd was ons gelukkig om steeds vanaf die huis met ons werk te kon voortgaan. Dit het maar moeilik gegaan om jouself te dissiplineer om in die werksroetine te bly. Soos die tyd verbygegaan het, het ons begin uitsien na die afskaffing

van die inperking op die 16de April 2020, maar was teleurgesteld toe die President die inperkingstyd verleng het. Gelukkig was daar sekere verligtinge op sommige beperkings vanaf 1 Mei 2020. Dit was vir ons lekker om darem weer te kan gaan stap. Ons hond het dit sekerlik die meeste geniet!

Gelukkig vir die tegnologie kon ons na ds Barry se boodskappe luister wat ons ook gehelp het om steeds positief te bly. Dit laat ons ook nog deel van die kerk voel, maar ons sien daarna uit om weer die eredienste te kan bywoon. Wat seker die slegste is, is die afsondering van ons kinders en kleinkinders wat in Gauteng woon. Hoe langer die inperkingstyd aanstap, hoe meer mis ons hulle asook ons ander familie en natuurlik ook ons vriende. Ons hoop en bid almal dat hierdie inperkings spoedig afgestel sal word.

Daar is gelukkig die vooruitsig dat hierdie inperking wel sal verbygaan.

Annelie J v Vuuren

Erken dat jy gister verkeerd was, en bewys daarmee dat jy vandag wys is.- Pope

RESPIRATORS

In hierdie tyd wat ons so bewus is van die behoefte aan respirators in hospitale vir Covid-19 pasiënte, gee die volgende stukkie wat die rondte gedoen het op sosiale media mens iets om oor te dink.

“After improving the health of a 93-year-old man in a hospital in Italy, he was asked to pay the cost of the respirator for a day and then the old man began to cry. The doctor advised him not to cry over the bill. What he said, made all the doctors cry.

The old man said, “I do not cry for the money I have to pay, because I can afford all this. I cry because I've been breathing God's air for 93 years, but I never paid for it. It takes 500 euros to use the respirator in the hospital for a day. Do you know how much I owe God? I have never thanked God for this before.”

The words of this man deserve our reflection.

When we breathe freely without pain and disease, no one takes the air seriously. Only when we get to a hospital, we can know that even breathing oxygen with an artificial respirator costs money!

Thank God for the time you've spent all your life because you can breathe freely.!”
(Anoniem)

Uit Marie-Louise de Vries se pen:

Die onderstaande gedig is geïnspireer deur die onderskrif by 'n foto van 'n man met 'n masker op die voorblad van die Parys Gazette.

DIE MASKERS

*Ons staan in lang rye voor die
winkeldeure
Meestal apart soos ons beveel is,
Met maskers in alle reënboogkleure.
In blou, pers, groen en soms mooi geles,
Met kolle en strepe, blomme en diere,
Daar's 'n patroon vir alle giere.
Jou bril se lense is totaal toegewasem.
As die lap te dik is kry jy nie asem.
Dit krap, ons sweet en dit irriteer,
Jou moed is vinnig verinnuweer.
Ag, oom Cyril, bring maar weer die
beurtkrag
En vat jou nare Rona terug.
Sý, plus die maskers, is te veel van 'n
vrag
Vir die brose menslike geslag.
Of, soos die myners van Fochville altyd
gesê het
As die gevaarlike werk op hulle gemoed
kom lê het:
“Gee 'n man 'n “break like, or don't you
care?
'n Man is nie van Tupperware!”*

Aanvanklik het die inperking my baie
terneergedruk weens die eensaamheid,
want ek bly alleen in my huisie in
Boomstraat. Toe besef ek dat ek eintlik
nooit alleen is nie. So het ek dit verwoord:

LOCKDOWN 2020

*In this year of our Lord with a shock we
found
That our modern world of fury and sound,
Of vaunted science en technology
Had been brought to a jarring halt.
We looked around in confusion and fear
And found a tiny thing was at fault,
A tiny thing to our eyes not clear,
But it brought a parting from all we hold
dear.
But in the Lord's precious words the truth to
tell
Though we are now on our own
We are never alone
Because He IS His name
IMMANUEL.*

Success is not final.

Failure is not final.

**It is the courage to continue
that counts.**

Winston Churchill

'N PAASBOODSKAP TE MIDDE VAN DIE AFSONDERING

Stilword, stilsit, terugblik... mediteer... Dit is alles dinge wat sommiges van ons moeiliker vind as ander! Dit is egter wat meeste mense wêreldwyd forseer word om nou te doen. Sommiges worstel met angs, vrees, onsekerheid of verlies... DIT IS PIKDONKER!

Tog, ons het HOOP... Ons dink terug aan die donkerste tyd ooit in die geskiedenis van die wêreld... dié Vrydag toe Jesus van Nasaret gekruisig is. Vir baie mense was dit 'n SKOK, want hul was seker dat Hy die beloofde Messias is... "Hoe kan Hy dan daar hang? Sterf? Wat nou?" Tog was Vader IN DIE MIDDEL van die duisternis... Hy was in beheer. Ons weet dat dit NIE die einde van die storie was nie... NEE!! Duisternis is in LIG verander, verlies in wins en dood in lewe. God het gewen, soos ALTYD. Hy is steeds in beheer, ook nou in 2020. Die skrywer van Hebreërs moedig ons aan om vas te hou aan die HOOP, ons LEWENSANKER. (Hebr. 6:17-20) 'n Anker dryf nie op en af op strome nie, maar sak af, na die dieptes, en haak dan vas. Jesus is ons HOOP, Hy is ons ANKER. Kom ons vier Jesus wat vir ons gesterf het, maar ook weer opgewek is!

*Joshua Bogunjoko, SIM International Director – Robbertze Nuus – April 2020.
(Boodskap vertaal deur Trudie Robbertze)*

**GOD DOES HIS DEEPEST WORK IN
OUR DARKEST HOURS.**

A.W. TOZER

FOTO'S VAN MINI-BASAAR 2020



Kommentaar of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan hansieb@lantic.net. Jul is ook welkom om Hansie of Elize Bekker te skakel by 056 811 4754 of 082 820 4306.